

25 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 3:1-5
Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 3:1

Die kerk op sy knieë vir die evangelie

So aan die einde van sy brief wil Paulus nog 'n paar laaste spykers inslaan. Hy doen dit om die Tessalonisense te bemoedig en te versterk. Hy trek hulle in om aan die opbou van die kerk mee te werk. Hy wil dat elke mens sy gawes tot nut en saligheid van mekaar gebruik.

Kerklike bouwerk is veral van die gebede van gelowiges afhanklik – mense op hulle knieë voor God. Paulus se oproep is: "... bid vir ons dat die woord van die Here sy snelle loop mag hê en verheerlik word ..."

Om die evangelie uit te dra, is 'n opdrag wat jy nie sonder die Here kan doen nie. Jy werk immers met die Woord van die Here, dus kom dit van die Here en vertel van die Here. Dit moet vertel word. Doen dit biddend.

Die gelowige moet spesifiek bid dat die Woord van die Here sy snelle loop mag hê. Paulus gebruik hier 'n beeld, soos ook op ander plekke (Heb. 12:1, 2), van 'n atleet wat aan 'n wedloop deelneem. Die Woord van die Here moet sonder belemmering of hindernis sy snelle loop neem.

In die harte van mense moet die lint by die wenpaal gebreek word. Menseharte moet verower word sodat hulle saam met ander gelowiges op die knieë kan val en die Here aanbid. Waar die Woord van die Here die harte van mense verower, word die Here en sy Woord verheerlik. Hy lewe in die harte van mense en dit word uit hulle gedrag duidelik. So was dit mos by die Tessalonisense (1 Tess. 1:7).

So moet dit ook by ons wees. As nuwe mense in Christus kan ek as 'n lewende bousteen hierdie pad loop. Op my knieë bid ek dat die Woord van die Here sy snelle loop mag hê, ook in ons land.

Sing: Psalm 4:3 (1936)

Ds. MJ Smidt (Ficksburg)